

**NG Kerk Berg-en-Dal** **Sondag, 15 Januarie 2023**

# Aan al ons ouers & kinders...

Wat 'n wonderlike voorreg om jul almal vanoggend hier te kan sien, gesond, uitgerus, vrolik, moedig, en vir almal te kan sê – ook alle nuwelinge, jonk en oud: **HARTLIK WELKOM BY BERG-EN-DAL SE KATEGESE VIR 2023!**

Ons kategese kon verlede jaar deur die genade redelik herstel ná twee jaar se ontwrigting weens Covid, en sommige van ons jaargroepe het selfs sterk gegroei: Ons het geëindig met 184 kinders – van kleuters tot die belydenisgroep – in ons kategese Sondae, en nog so 'n 80 koshuiskinders van Huis Eie Haard (Sentraal) op Woensdagaande. Soveel so dat ons vir ons Sondagkategese nou weer in die meeste jaargroepe, twéé groepe kon vorm (maar daar is nog spasie vir ekstra kinders!). Wat ons wel nie verlede jaar ná Covid op dreef kon kry nie, was ons breër Jeugbediening, die kuiermiddae, kampe en uitreike... en daarom het die Kerkraad 'n entoesiastiese en energieke Jeugwerker vir die volgende drie jaar aangestel, prop. Janke Hurter. Sy het haar teologiese opleiding verlede jaar voltooi en gaan ons vanjaar in verskillende opsigte help om saam met ons kinders en jongmense hier by Berg-en-Dal 'n groot en gelukkige familie te wees - welkom Janke!

Wat ons kategese spesifiek betref, die volgende dan:

- Ons het vanjaar 'n baie goeie span **kategete** bymekaar; 'n mengsel van ervarenes waarvan sommige self ouers is en daarom baie toegewyd, en 'n klompie nuwelinge, onder hulle ook jong studente met ywer en energie... Hul name volg hieronder - kontak hul gerus om oor jou kind te gesels en laat weet asb. van afwesighede. Jy is as ouer ook hartlik welkom en ons sal dit waardeer, as jy so van tyd tot tyd of by geleentheid kan help om Sondae vir ons kinders lekker te maak, dalk met 'n verjaarsdag – gesels gerus met jou kategeet en hoor wat nodig is.

- Ons het vir elke jaargroep 'n **Werksboek** wat hul saam met die **Bybel** gaan gebruik. Van **Graad 1 tot 4** hoor ons kinders die mooiste Bybelverhale oor die weg waarop God met sy mense gegaan het, van die Skepping tot met Jesus se hemelvaart. **Grade 5 en 6** leer die leefwêreld van die Bybel ken: die landskap, kultuur, feeste en betekenis van dit als vir ons lewe met God. Die **Graad 7-jaar** is 'n oorgang; dit vat wat tot hier geleer is saam en berei hul voor op 'n nuwe groeifase in hul geestelike lewe. In die hoërskooljare (**Grade 8 - 10**) gaan ons dieper in op die Bybelboodskap: Gebod (Christelike lewenswyse); gebed (Christelike spiritualiteit) en geloof

(Christelike belydenis). **Graad 11** is die afrondingsjaar waardeur hulle gehelp word om op hul doop te antwoord, hul geloof te bely en uitgestuur te word as getuies van Christus na elke akker van Sy koninkryk op hul lewenspad verder. Ons kategete werk uit 'n leiersgids en die kinders se **Werksboeke** is va vandag af beskikbaar @ R 65,00 (Juniors) of R 70,00 (Seniors); elke Sondag in die binnehof tot 5 Februarie.

- Vir elke groter jeuggroep beplan ons weer **'n sosiale program, uitreike en kampe**: Voorskools tot Graad 4 ("Tekkiesklub"), Grade 5 tot 7 ("Jongspan") en Grade 8 tot 11 ("Tieners") – hou ons mediaplatforms en kommunikasie dop vir inligting en uitnodigings soos wat Janke dit sal reël en koördineer. En jy kan kom help!

- Elke jaargroep het 'n **whatsappgroep** tussen die kategeet en ouers en/of katkisante. Ons gebruik dit slegs vir kommunikasie van inligting rakende ons kategese, kort kennisgewings, en julle mag ook daarin navraag doen – ons loop dié pad tog saam...

## KATEGETE 2023

| | | |
|---|---|---|
| Kategetehoof/Jeugouderling | Rikus van Pletzen | 083 462 0122 |
| Sekretaris/Admin | Janke Hurter | 078 894 9166 |

**Junior Kategese (Sondae net ná Gesinsdiens, 10:00-10:35):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Peuters | Elsie Haasbroek | 082 747 4436 | Jeugkamer |
| Kleuters | Madeleine Kymdell | 079 484 6288 | Betanië |
| Graad 1 | Hanlie Matthee | 084 511 7964 | Mamre |
| | Lalla du Plessis | 082 709 4376 | |
| Graad 2 | Maria Magdalena Rossouw | 084 404 1200 | Bet-El |
| | Natasja Badenhorst | 072 599 6634 | Egipte |
| Graad 3 | Carla Greyling | 061 343 2826 | Ebenhaser |
| | Lize Loots | 079 351 8171 | Hebron |
| Graad 4 | Carli van Staden | 083 406 0906 | Kapernaum |
| | Mathilda Henning | 083 321 0570 | Betlehem |

**Senior Kategese (Sondae net ná Kerkdiens, 10:40-11:20):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 5 | Frank Scheepers | 082 348 7339 | Mamre |
| Graad 6 | Mia Smith | 063 645 0714 | Bet-El |
| Graad 7 | Sarahne Dreyer | 072 958 8877 | Ebenhaeser |
| | Marie Schoeman | 071 442 3521 | Hebron |
| Graad 8 | Lizeth Kruger | 083 925 9227 | Betlehem |
| | Helena v/d Wall | 082 481 9240 | |
| Graad 9 | Janke Hurter | 078 894 9166 | Egipte |
| Graad 10 | Ds. Johan Marais | 084 517 8052 | Konsistorie |
| Graad 11 | Ds. Jan Lubbe | 082 784 9362 | Jeugkamer |

**Neem vrymoedigheid en gesels met ons, enige navrae is welkom en dankie dat ons saam kan deel in die geloofsvorming van jul kinders!**